

KAMMANUUS

Nr. 429 24 Julie 2017

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER

Weskus



Unieke longdrop en massering in Chili

Hoofstuk 3 Deel 20

Kort voor ons verhuis het na Viña Del Mar ontmoet ons eendag vir Gloria. In 'n klein dorpie soos Salamanca ken almal vir almal en toe ons een aand in 'n lokale kroegie verneem of daar nie dalk 'n fisioterapeut of so iemand in die omgewing is nie, vertel hulle ons van die vrou tjie wat met 'n Hollander getroud is en op een van die *parcelas* (kleinhoewe) verder af in Choapa-vallei woon.

Nie dat ons nou eintlik beserings of kwale gehad het nie, net omdat ons nogal daaraan gewoon geraak het in Indonesië om een keer 'n maand elkeen 'n lekker ontspannende massering te kry. Sommer in die huis en goedkoop. Dit was tyd dat ons die stukkie bederf weer instel.

Gloria verduidelik dat dit beter is as ons uitry na hulle toe want daar is sy beter ingerig om ons te behandel en buitendien is sy al redelik ver gevorder met haar swangerskap en wil nie baie rondry nie. "Nou gaan sy darem nog kan harde werk doen soos massering?" wou ons weet. "Kom vind uit en sien self" is al wat sy sê. Min het ons besef wat op ons wag.

Met die aankoms by die parcella se hek ontmoet die skaaphond ons en tol al in die rondte voor die bakkie terwyl ons tussen die rye wingerd aanry na die opstal toe waar 'n lui rokie uit die skoorsteen ons naderwink. Hulle boer ook met die pisco-druif waarvan Chili se berugte witblits met dieselfde naam gemaak word. Met die afklim word ons ook dadelik 'n glasie pisco 'sour' aangebied. Suiwer pisco met vars suurlemoensap geskud oor ys tot hy so 'n vaal kleurtjie kry. "Salud! Om te help om julle in die regte stemming te kry voor julle terapie." sê Gloria se man. Hy stook dit self en dit werk!

Met die instap merk ons als is so effe anders. Meeste van die meubels is handgemaak en daar is geen elektrisiteit nie. Die twee het in Kanada ontmoet as houtkappers. Al twee het die 'euwels' van die tegnologie verslaafde mensdom afgesweer. Hedendaagse hippies. Als moet natuurlik wees. Hulle doen en maak als self.

Annabelle vra waar is die toilet en hulle beduie teen die bult op tussen die druiwe in. 'n Plonsput!

Sy bly 'n hele rukkie weg. Met die terugkeer sê sy vir my onderlangs "jy wil ook gaan". Ek wou nog protesteer, maar sy herhaal. So beveel so gemaak. Praat van 'n troon met 'n uitsig!

Mense, al wat dit is, is ses sinkplate, drie elke kant wat teen mekaar leun soos 'n volstruisnes in die Karoo. Voor en agter oop na die wye wêreld. Jy voel of jy die ewigheid kan sien en hulle vir jou. Tog heerlik as mens eers gewoon raak daaraan, veral die vars lug.

Met my terugkeer word ek beveel om tussen wierook en kerse te gaan lê op 'n matras op die grond met net 'n dun deurskynende saronglappie om die naaktheid te bedek. Gelukkig is dit al sterk skemer en met die pisco-dapperheid wat help, ontspan ek terwyl sy my onder hande neem. Ek kan net sê dit was nogal 'n unieke ondervinding. 'n Hoogtepunt in my oorsese ervaringe van al die verskillende tegnieke wat mens kry in die verskillende lande. Maaind you, niks sedeloos nie, maar lekker verby.

Maande later, in die Amasone, toe ek 'n luislang om my nek laat hang en die hom so half om my draai, toe dink ek weer aan die eerste aand daar by Gloria. Die luislang was net baie kouer en erg onpersoonlik.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

'Die hoer op die kaai' en ander lirieke

Deur GERHARD VAN HUYSSTEEN

As Gerhard Steyn sy "Baby tjoklits" uitgeblêr het, het ons altyd lekker saam gesing-skree: "Baby, ek *like* jou soos sinus / My hart klopp tjoklits as jy naby is / Baby / Baby tjoklits."

Vreemd dat jy van iemand hou "soos sinus", dag ek altyd, maar dalk is dit maar een van daai rare goed van Afrikaanse lirieke.

As hy in dieselfde liedjie "Jy weet ek doen, jy weet ek doen" kan sing, dan kan 'n mens seker maar iemand "*like* soos sinus" ook.

Eers veel later moes ek leer dat hy eintlik sing: "Baby, ek *like* jou soos jy is . . ."

'n Klomp mense deel op Facebook hul ervarings met my:

- Verreweg die algemeenste ene wat tot verwarring gelei het, is die ou psalm "Op berge en in dale".

Die nuusleser Daniëlla van Heerden het "Oom Bernard dra sandale" gesing (met ander mense se variasies "Oom Bertus se sandale"), terwyl menig 'n kind ook "Op berge met sandale" gesing het.

- Die musiekensiklopedie Daantjie Badenhorst het "Loof Hom met die tromme, loof Hom met die hark, loof Hom met die stukkende sandale" gesing.
- Frikkie Lombard van WAT-faam se oorlede vriend Randall Wicomb het vertel van 'n mannetjie wat hom op die lughawe gesien het, sy ma aan haar rokspant gegryp het en geseg het: "Kyk, daar is die ou wat sing van die hoer op die kaai!" Die lirieke was "daar is 'n roering op die kaai".
- Die skrywer en joernalis Ilza Roggeband het lank gedink Abel Kraamsaal sing "sonde in die biesies" in die liedjie "Kaalgat in die reën", maar dit is "sonder inhibisies".
- Dit laat 'n mens ook dink aan die meem van Kobus Galloway (Idees vol vrees) oor waarom Francois van Coke en Karen Zoid die bakkie gerol het. Want "geen suspensie, geen beheer".
- Die reisende joernalis Gilda Swanepoel se oorlede, baie kamp vriend het op skool altyd gesing: "En hoor jy die magtige dreuning, oor die veld kom 'n bruid gesweef."
- Haar reisende kollega Fanie van der Merwe het op troues altyd gesing: "Lank sal hul lewe, lank sal hul lewe, lank sal hul lewe in Pretoria, in Pretooooo-rieee-jaaaa, in Pre-tooooo-rieee-jaaaa"!
- Ook Anna Davel het as kind by troues die kat aan die stert beet gehad met "Kinders by rosyneeeee". Ek wonder hoeveel mense het al van Anna se lirieke op dieselfde manier verformfaai . .

Op eie houtjie

Iets op eie houtjie doen (iets doen sonder om ander te raadpleeg; iets doen op eie gesag)

Mense het somtyds twee kerfhoute (kerfstokke) gehad wat netjies in die lengte in mekaar voeg.

Een is deur die koper en een deur die verkoper gehou. Op die houte is die transaksies tussen die twee aangeteken.

As 'n nuwe transaksie op die stok aangebring moes word, is 'n keep oor albei dele van die saamgevoegde hout gekerf.


Op hierdie manier het die twee partye te alle tye die stand van hulle rekening in die hand gehad en kon geen bedrog plaasvind nie.

As een dus op sy eie houtjie 'n kerf gemaak het, was dit gou duidelik dat dit nie kon geld nie.

Duskantlander in Anderkantland

Begrafnisse is dié ding in Ghana

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



Aardige goete kom oor jou pad wanneer jy hierlangs in Afrika kerjakkert. Tien teen een het die meeste gevalle iets te make met 'n lokale tradisie wat ons oorbluf en nederig laat. Dis 'n groot eer om vir 'n gewyde tradisionele begrafnis genooi te word en 'n erge sosiale blaps om so iets van die hand te wys.

Sien, desjare; in Namibië, het ek my brood verdien deur kiste te bou. Sekerlik daar vandaan my beheptheid met begrafnis goete.

'n Goeie vriendin word uitgenooi na die begrafnisdiens van 'n kollega se afgestorwe moeder. Haar uitnodiging is in boekvorm, 'n hele agt-en-veertig blaaie boek, gedruk in volkleur! Daar binne is skoolfoto's, en name en kontaknommers van haar alumni, studentejare foto's, familiefoto's, werksplek-en-kollega foto's, 'n opsosommende biografie, handgeskrewe finale groetbriewe van haar kinders en kleinkinders, kerkliedere en die drie-daagse begrafnisprogram.

Hierdie ter aardestellingbesigheid begin met 'n huisbesoek van die afgestorwene. Daar is geen parkeerspasië op straat, menigte sekeuriteitswagte wat almal arms swaai en jou uitbundig welkom heet. Statig met 'n arm vol blomme hoor jy die musiek voordat jy die huis met kermistente om die draai raaksien. Al die ander besoekers het enorme groetekaartjies, daai ou soort te vinde in onse ouma se kartonboks op die solder met blinkertjies op. Die gaste is uitgedos in hulle beste vere en Europese leerhandsakke.

Begrafnisse is nie stil stammige affêres nie. Daar word oorverdownende polsmusiek gespeel sodat die voorvaders wakker kan skud en 'n plekkie regmaak vir nog 'n familielid. Die grootste ontnugtering is beslis om die bejaarde afgestorwene kierts regop in die sitkamer se hoek aan te tref. Uitgedos in 'n spierwit klok-uitskop trourok, sit sy; stokstyf. Oë bot toe met erge blou oogskaduwee op die toe ooglede en bloedrooi lipstiffie merkbaar onder 'n kantsluiser.

Gansvel-in-die-nek en hand-oor-die-mond kan jy nie help die petalje sylings met swak knieë aan te staar nie. Kennisse en familieledede gaan sit langs die afgestorwene, lê 'n hand sag neer op haar hand in spierwit satyn handskoentjie, en groet met 'n grappie, sagte piksoentjie of fluister boodskap aan 'n weggevalle voorvader. Daar word rondgestaan met paierborde, en glase geskink en ys bygegooi. Mens knik en loer piering-oog want die musiek blêr meendoënloos.

Die volgende oggend, hervat die program in 'n reusekerk. Kompleet met besige waaiers, en reuse vertoon skerms waarop die foto's flits en liedere vertoon. My vriendin dra haar begrafnisgesig, uitgedos in fraai pienk, en pikante handsakkie vol sneesdoekies. Sy word heel voor as eregas tussen vreemdes in 'n kerkbank geplaas, en steek uit soos 'n seer vinger. Tradisie bepaal dat jy swart, rooi of wit, of 'n kombinasie daarvan aantrek wat gepaard gaan met die afsterwe ouderdom van die afgestorwene.

Mense links en regs van haar groet haar vriendelik en vra uit na haar naam en familie se welstand. Tydens die Engelse erediens sing mense uit volle bors. Kore sing, haar skoolkoor, kerkkoor, vriendinne se koor, kollegas se koor, en na elke optrede kom iemand met 'n kartondosie om en kollekteer bydraes vir die begrafnis onkoste.

Kindertjies sluip na buite en hol soos goggatjies uitgelate op die grasperk rond. Later word die groetbriewe in die program voorgelees deur die kinders en kleinkinders. My vriendin huil nou onbeskaamd vir die beker.

Daar word ordelik, ry-vir-ry opgestaan en statig verby die oop kis gestap. Die meeste huiwer vir 'n oomblik, en prewel 'n laaste seëngroet, sommiges staan, kink en stap aan. Die afgestorwene lê sag en vreedsaam in 'n groot grys krulpruik, en sagte liggers kiskleed.

Twee ure later word die kis voor in die kerk deur die seuns dig gesluit. 'n Goue sleuteltjie word plegtig aan haar wewenaar oorhandig. Die familie lyn-op en begelei die kis na die wagtende lykswa. Kalm en geweid staan die gaste op en stap ry-vir-ry na waar die kindertjies jillend op en af hol. Uitgehuil is die sonlig die mooiste ding om te sien.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



VERLOWING

Die klant in 'n Kaapse in 'n Italiaanse restrourant het die sjef nader geroep en hom oor die maaltyd gekomplimenteer. "Die kos was uitstekend. Om die waarheid te sê, die parmesankaas was beter as die parmesan wat ek in Rome geëet het."

"Ek is nie verbaas nie, Meneer," antwoord die sjef. "Jy sien, in Rome gebruik hulle plaaslike parmesan. Ons parmesan is ingevoer."

MIKE EN KALLIE

Mike en Kallie het 'n nuwe winkel begin, maar toe dit toemaaktyd word, is daar nog net leë rakke.

Kallie: "Ek wed jou hier gaan nou enige tyd 'n swaap kom, sy gesig teen die venster druk en vra wat ons verkoop."

Sy woorde was skaars koud, toe druk 'n verbyganger sy gesig teen die venster en vra:

"Haai! Wat verkoop julle?"

"Ons verkoop poepholle," antwoord Mike. Die jafel was glad nie op sy bek geval nie, en sê:

"Lyk my besigheid is goed - daar is nog net twee oor!"

SUKSESVOLLE PA

Die juffrou praat met die klas oor watse soort werk hul ouers doen.

Juffrou: "Jannie, watse werk doen jou pa?"

Jannie: "Hy is 'n kulkunstenaar, juffrou."

Juffrou: "Regtig? En wat is sy beste truuk?"

Jannie: "Sy beste truuk is om mense in twee te saag."

Juffrou: "Wonderlik! Sê my is daar nog ander kinders in jou gesin"

Jannie: "Ja, juffrou, ek het 'n halfbroer en twee halfsusters."

ROBOT TOE DIE WENNER

'n Pa koop 'n lie-detector-robot wat jou klap as jy lieg.

Daardie aand aan tafel vra hy vir seun: "Waar was jy vandag?"

"By die skool Pa."

Whap! Klap die robot hom.

"Jy lieg" sê pa.

"Oukei oukei... ek het 'n DVD gekyk by die huis."

"Watter DVD?" vra pa.

"TOY STORY 3" sê die seun.

Whap!! Klap die robot hom weer.

"Oukei oukei" na aan trane sê die seun dit was PORN.

Die pa sê toe vir hom: "Toe ek jou ouderdom was het ek nie eers geweet van porn nie.."

WHAP!! Klap die robot vir pa.



ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Vleisbraai is Suid-Afrikaners se groot obsessie

Weg van my tuisland, Nederland, kan ek nie help om eenaardighede op te tel nie. Toe ek op 'n dag vir 'n klompie jong dames vra hoekom hulle kaalvoet loop – het iemand hulle skoene gesteel? – het hulle gesê dis hul manier om met die aarde geanker te bly.

Die gebruik om vleis te braai verdien 'n artikel op sy eie, afkomstig soos dit is van die Nederlandse woord 'braden', om te braai. Dit is deesdae meer 'n sosiale gebeurtenis en Suid-Afrikaners het 'n obsessie daarmee.

Jy kry braai-areas oral, veral in parke. Hulle het selfs 'n nasionale vakansiedag Kultuurdag, wat deur baie Nasionale Braaidag genoem word. Kompleet met sy eie hoofkarakter, Jan Braai (sowaar!) En genoeg drank, veral rooi wyn.

Ek skat die hoofdoel agter 'n braai is die samesyn met mense in die buitelug, besig om oor 'n lang periode kos te maak. Ek is jaloers op die oormaat geleenthede wat Suid-Afrikaners hiertoe het.

Taboe in Nederland

Daar is veral drie redes waarom dit nie in Nederland kan gebeur nie:

1. Gebrek aan ruimte. (Daar is geen ruimte nie. Niks.)
2. Gebrek aan weer. (Hoe die weer ook al in Nederland is, is dit pateties.)
3. Gebrek aan manlikheid.

Die eerste twee is vanselfsprekend, die laaste een verdien toeligting. Sien, Suid-Afrika is 'n harde land en Suid-Afrikaners is fris – die land vereis dit. Die mense hier word groot met baie vleis, rugby en die konstante bedreiging van kapings. Oorlewingsvaardighede is dus noodsaaklik, en dit sluit in die maak van 'n brutale vuur. Self gebruik ek wel 'n snorkel om 'n ui mee te skil.

Barbecues is anders!


En moet asseblief nie 'n braai met 'n barbecue verwar nie! Barbecues is vir lui mense, veiligheid, gemak en spoed. Deesdae maak Amerikaanse barbecues hulself skoon, kom met afstandbeheer en 'n sopropaneel as hittebron en GPS.

Die Suid-Afrikaanse modelle is eenvoudig: 'n paar bakstene en 'n rooster is voldoende. Om die vuur aan te steek is nogal moeilik en het myself al dikwels gebrand. Deesdae mag ek net die slaai maak.

Wanneer alles aan die gang is en jy die reuk van rook en vleis kry, is jy waarskynlik besig om met jou vriende, bure en toevallige verbylopers te gesels.

Die sleutel is geduld want jy kan maklik stormdronk wees voor die eerste vleis op jou bord land. Anders eet jy groot hoeveelhede boerewors, steak, hoender, vark, lamtjops en skilpadjies ('n klont skaaplewer toegedraai in netvet) en selfs pofadders (lewer, niertjies en vet in 'n derm gestop.)

Ek is nog altyd baie gelukkig van 'n braai af weg en ek geniet die sosiale samesyn rondom kos. Niks is lekkerder as om vleis te braai nie, en Suid-Afrikaners doen dit beter as enigeen.



HELDE

Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter, ek sal vir ewig moet lewe.

Ons kan nie almal helde wees nie. Iemand moet langs die pad staan en hande klap.

Ek glo as iets die moeite werd was om te doen, sou iemand anders dit lankal gedoen het.

SO GAAN DIT MAAR



Hulle het alles opgemors!

Laas week het my tuinhulp weer nie opgedaag nie, met die gevolg dat ek maar self die gras moes sny.

Die Saterdagoggend was ek in my oudste PT-broek en T-hemp besig om die gras op die sypaadjie voor my huis te sny en ek was haastig en wou die taak goed en gou afgehandel kry. Ek was nie lus om 'n nuwe tuinhulp te kry en te verduidelik hoe die gras gesny moes word nie.

Maar soos dit maar altyd gaan: As jy niemand nodig het nie, dan daag al die hulp in die wêreld op. Elke vyf minute was daar iemand wat 'n garden job kom soek het.

Toe die vierde een opdaag en hande in die sakke staan en vra vir 'n garden job, toe verloop die gesprek omtrent soos volg:

Hy: "Ekke ken hom die sny van die gras, ek soek hom die job."

Ek: "Sorry man, ek bly nie hier nie, ek werk net vir die mense wat hier binne bly."

Hy: "Hau! Die mense hulle employ 'n whitey by die garden?"

Ek: "Ja, die mense betaal net R30 per dag en hulle gee nie eers kos by lunchtime nie. Het jy nie vir my 'n siegret nie?"

Einde van die storie was dat hy sy pakkie Kent-sigarette uithaal en my een aanbied. Ek vat toe een en hy steek hom vir my aan. Ek vat so drie trekke, nip die entjie en sit die stompie agter my oor.

So met die wegstap hoor ek sy laaste woorde: "Die ANC het aalles kom opf@k!"

WORD WAKKER!

Die beste manier is om 'n wekker te kry wat klink soos 'n hond wat gaan opgooi. Niks kry jou vinniger uit die bed nie.

KLEIN JUWEELTJIE IN 'N DONKER WÊRELD

Tara Wood het 'n baie besonderse dogtertjie grootgemaak. Die vierjarige Norah is mal oor ouer mense en sy het geen geheim daarvan gemaak nie. Meeste kinders is maar bra ongemaklik in die geselskap van ouer mense. Klein Norah is presies die teenoorgestelde. Wys vêr bo haar jare, waardeer sy wat ouer persone aan te bied het en geniet altyd hul teenwoordigheid.

Die dag voor haar vierde verjaarsdag het haar ma haar winkels toe geneem om kolwyntjies te gaan koop vir haar partytjie. Nadat Norah haar koekies uitgekies het, stop hulle by die uitverkoping afdeling waar sy haar langs 'n ouer man bevind. Soos kinders maar maak, praat die uitgesproke klein Norah direk met die ouer man.



"Hallo, ou mens! is my vijaasdag vandag! Ek is nou twee!" sê sy opgewonde.

Tara is 'n tuisbly-ma en skrywer met sewe kiinders en was verstaanbaar in effe van 'n verleentheid omdat Norah 'n vreemdeling 'n ou mens genoem het.

Sy wou nog om verskoning vra vir haar dogtertjie se

voorbarigheid toe die ouer man haar onderbreek. *"Wel, hallo jong dametjie! Hoe oud is jy vandag?"*


Na 'n kort gesprek, is elkeen weer op hul eie pad, maar Norah het aangedring dat hulle die man weer opspoor want sy wou 'n foto neem saam met haar nuutgevonde vriend. So gevra, so gedaan. en na nog 'n geselsie met die omie het hulle selfs foto's van Tara saam met die ou toppie geneem. Met die groot bedank Tara die man, maar hy antwoord dat dit eintlik hy is wat moet dankie sê.

"Dit was baie lank laas wat ek so 'n heerlike dag ondervind het. Klein juffie Norah, jy het my baie gelukkig gemaak."

Tara het die storie met foto's met haar vriende en een van hulle ken hom toe. Meneer Dan het 'n rukkie vantevore sy vrou tjie aan die dood afgestaan en sedertdien was hy maar 'n baie eensame mens.

Tara vra toe vir 'n kontaknommer en skakel meneer Dan. Lang storie kort, hy nooi hulle oor vir 'n kuiertjie wat etlike ure duur. Gereeld wil Norah weet hoe gaan dit met Dan. Hy laat weet hy het na sy vrou se dood vreeslik maar slaap nou elke nag dwarsdeur sedert hy vi het.

Norah en haar ma gaan kuier steeds een keer 'n week vir oom Dan. Bewys van die juwele wat ons steeds in ons wêreld vind.



As jy dink jy kan my met wyn omkoop, is jy heeltemal reg.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Van Wyk, van der Walt, Venter riek2@mtn.blackberry.com

Ek is opsoek na my biologiese pa, het geen naam nie. Moontlike van is van Wyk, Van der Walt, Venter, ek is gebore 3 Jan 1963. Het net 'n baie ou foto van hom. Hy moet +- 75 jaar oud wees. Hy was in 1962 in Pietersburg, of hy daar gebly het weet ek nie. Ek is deur Marthinus en Sophia Snibbe, my oupa en ouma groot gemaak.

House napoleonic431@gmail.com

Ek is onlangs getroud met John House. Al wat ek van hul weet is dat sy voorgeslag uit Engeland afkomstig was. John se hy was te klein om sy familie en geskiedenis te ken en te onthou. Kan iemand dalk moontlik help

Prinsloo Lynettebowen58@gmail.com

Christoffel Rudolph Prinsloo getroud met Susanna Catharina Elizabeth (De Wet) Prinsloo van Somerset-Oos. As iemand inligting het oor my oupa groot asb.

Ander vanne wat ingestuur is: Lewis, Barnard, Van Staden, Joyce en Cronje.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Boeta loop hom vas voor plaasbesoek

Boeta is op universiteit en ontmoet 'n girl wat hy graag aan sy ma-hulle op die plaas wil gaan voorstel.

Boeta is bietjie skamerig vir hoe dinge op die plaas is en skryf toe vir sy pa 'n brief van 'n paar dingetjies wat hulle asseblief tog net moet regstel voor hulle gaan kuier.

"Daar is drie dinge wat pa-hulle tog moet regsien voor ek vir Sannie plaas toe kan bring.

"Boela is al baie oud en blind en vol vlooië en hy stink. Julle moet asseblief vir Boela uitsit.

"Dan, daai buitetoilet moet julle asseblief afbreek. Dit is nou die moderne tyd. Mense het deesdae badkamers met toilette binne-in die huis.

"En die laaste ding - daai foto in die voorhuis van waar pa sit en ma staan moet julle asseblief verwyder. Deesdae staan die man en die vrou sit wanneer fotos geneem word."

Die pa stuur toe die volgende brief terug:

"Boeta, toe jy vyf jaar oud was, toe val jy in die dam en Boela het jou gered. So Boela bly.

"Dan, daai buite-toilet is waar ek elke oggend gaan sit en na die boerdery kyk en planne maak en dit is wat jou op die universiteit hou. So die buite-toilet bly.

"En laastens. Daai foto van waar pa sit en ma staan is op ons honeymoon geneem. Pa kon nie meer staan nie en ma kon nie meer sit nie en dis waar jy vandaan kom! PUNT."

Wat het ons ouers voor TV en internet
gedoen om die tyd te verwyf?
Ek het my 15 broers en susters gevra
en hulle weet ook nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Salticrax,
Dallas en
Dolly Parton

Deesdae mag 'n mens mos glád nie verwys na die "goeie ou dae nie" (vra maar vir Helen Zille . . .). Jy moet eintlik nie eens kan saamleef met jou gawe herinneringe van daardie tyd nie, klink dit my. En tog. En tog.

MET ERKENNING AAN KEINA SWART BEELD

In die 1980's het my ma vir haar spoggerig gehou met Liebermann-erdewerk en sybokhaarlappe. Dinsdagaande het sy Dallas gekyk, en as ons gaste gekry het, het sy geblikte mossels op 'n bordjie vol Salticrax gepak.

My sussie het haar hare soos lady Di s'n gesny en my boeties het met sywurms geboer. Ek het 'n kat met die naam Gaitshi Gubib gehad.

My sussie was verlief op John Travolta en Kevin Curren en ek op Harry Klein (speurder Derrick se handlanger), Erik Estrada van CHiPs en Don Johnson van Miami Vice – die enigste ou in menseheugenis wat 'n pienk pak kiere met 'n wit T-hemp daarby kon dra.

In ons bure se huis het 'n J.H. Lynch-afdruk van 'n wulpse, halfkaal vrou met die naam Tina gehang. Smeulend het sy daar in 'n poel water gestaan en probeer toehou, maar helaas, nie eintlik daarin geslaag nie.

Daardie tyd was vir baie Suid-Afrikaners sleg; dit weet 'n mens nou: die onderdrukking, die onregverdigheid, die oorlog. Ag man, dit was toe nié so lekker in die army soos wat Leon Schuster ons wou oortuig nie.

Deesdae mag 'n mens mos glád nie verwys na die "goeie ou dae nie" – vra maar vir Helen Zille . . .

Deesdae mag 'n mens mos glád nie verwys na die "goeie ou dae nie" (vra maar vir Helen Zille . . .). Jy moet eintlik nie eens kan saamleef met jou gawe herinneringe van daardie tyd nie, klink dit my. En tog. En tog.

Ek het 'n vrou wat elke maand vir my tuisgemaakte plaasbotter bring. Dit is so mooi en geel dat ek dit eers afneem voordat ek dit op 'n stuk warm brood smeer. Laas keer het sy 'n geslagte makou saamgestuur.

Want die goed wat my verbly, is dinge soos die skilderye van geparste blomme in die gange van Huis Herfsblaar, die gebreide blokkieskomberse op my beddens, die reuk van pandjieswinkels, opdienskottels van gebarste porselein.

Ek weet dit is gister se goed; ek weet die toekoms lê voor en nie agter nie.

Maar toe ek nou een dag vir kaalbas-Tina tussen geroeste Mazawattee teeblikke en ou silwerkoekvurkies op 'n antiekmark sien staan, het ek kortstondig vergeet om vorentoe te kyk.

Ek het onthou van ons bure in een van die stofstraatdorpies van lankal terug.

Van die oom se liefde vir Dolly Parton, elektriese kitare en siebie-roepradio's. En hoe my ma die arme mense beskinder het oor dié "vieslike, onheilige, onkristelike" prent.

En toe dink ek, ag, moet haar tog nie alleen hier op die mark los nie. Ter wille van goeie herinneringe, ter wille van die goeie ou dae, vat haar saam. Wat meer is, ek hét reeds 'n stokou Ford in die motorhuis én die prent van die seuntjie met die trane én die drie vlieënde eende teen my muur.

Op pad terug huis toe sug my kinders: "Die prent is regtig baie lelik." My ma sê vies: "Ek kan nie glo wat jy vandag gaan staan en koop het nie."

En die een wat ek liefhet, grynslag guitig en fluister: "Ek sal wel met Tina kan saamleef."

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:

www.onsdorp.com/ekstra.html

